

Local is lekker!

• Tom Watson

Koop plaaslik - Koop in Heilbron. Jip, waar is al die saamry, verskoningsoekers, uiteet (veral huisvroue), taxis, nou dat die Korona-virus se "lockdown" hul terugbring het na hul grootste belegging - hul eiendom in hul tuisdorp!

Hoor nou die aand op die kassie dat die "local" weer lekker word.

Korona is besig om met 'n draai weer lewe te skep in die kleiner dorpe - dalk sal daar weer eendag tennisklubs, rugbyklubs, en al daardie kultuur bewegings van ouds totstand gebring word?

SPAR is seker weer een van die eerste kruideniersondernemings wat tuisaflewering begin het.

Laat my terugdink aan oom Louw van Rensburg (Coena se oorlede pa), onder die naam van Naudé en Kie, wat in die sestigerjare met sy vloot mikrobussies plaasboere en hul werkers op hul plase bedien het met kruideniersware. Daardie dae het die huisvrou net die telefoon opgetel (dalk nog die slingersoort) en vir die "nommer asb" dame gevra om haar deur te sit na die Handelshuis of Riemland Bakkerij.

Die tennisklub en gholffklub het baie lede gehad wat Saterdag en selfs Woensdae meegeeding het, want die prokureurs, ouditeure, banke, ens was Woensdaemiddae gesluit en Saterdag was net die banke oop vir 'n paar uur - net vir die laatslapers wat geld moes trek

en kleinhandelaars wat kleingeld nodig gehad het.

Ja, dan was daar ook die Pretoriusgesin wat melk versprei het, deur-tot-deur, vroeg elke oggend - en ja, amper vergeet ek van oom Morris Fox. Hy het geboer daar anderkant die veilingskrale waar die spoorlyn geloop het. Hy was 'n groenteboer en het weekliks met 'n perde-sleepwa deur die dorp se strate gery en huisvrouens van groente voorsien.

Om terug te keer na my gedagte van ons lewe van mekaar - dit is tans weer besig om pos te vat!

Onthou toe Heilbron in die sestigerjare se bevolking uit 2200 blankes, sowat 4500 swartes en kleurlinge bestaan het!

En daar moet genoem word dat Heilbron baie uitgebrei het -



"Sign of the Fall" - Amerikaanse gesegde dat Herfs op ons drumpel is.

Vegkoppuitbreiding was daardie jare 'n koeikamp!

Seker een van die "veranderings" die afgelope jare wat myns insiens nog moet werk, is die melkbedryf wat geheel en al radikaal verander het tot so 'n mate dat daar glad nie meer op plase in die omgewing gemelk word nie! Kan nie dink dat varsmelk nou bedreig word deur langlewemelk nie.

Waar is die dae wat elke plaas 'n melkstal gehad het - boere en hul werkers 'n kannaetjie room verkoop het om kruideniers te koop?

Het die wêreld te klein geword!

Of is ons besig om weer terug te keer na "localism" lokalisasie?

- TIME GENTLEMAN

KORONAKENNIS

HULPLYN 080 002 9999
WHATSAPP 060 012 3456

Toon u sekere simptome?

Skakel die hulplyn EERS, daar sal u die nodige inligting verkry!

Moenie direk na die kliniek of hospitaal gaan voor u nie deur die hulplyn daarheen verwys is nie!

Sperdatum vir advertensies en bydraes vir die Heilbron Herald is WOENSDAE om 10:00

LOCKDOWN-PRYSE

Vark rugtjops @ R62.50/kg.
Heel skaap @ R74.99/kg.
Plaashoender @ R37.80/kg
12,5kg Super Mielie-meel @ R64.99

ONS LEWER AF
Whatsapp jou bestelling, naam en adres na 082 781 6163

NOU OOK BESKIKBAAR
500ml Hand Sanitiser @ R74.99
Masker @ R20 elk

OJ'S MEAT MARKET
082 781 6163
2008111111@gmail.com

Langmarkstraat, Heilbron

Vir enige advertensies of nuus vir die koerant kontak Silma by
083 363 6553 Elsstraat 44 • Heilbron

Heilbron • Edenville • Frankfort

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za

JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

GERTRUIDA BOERDERY
ANGUS
LETELLE SKAPE

NOU IS DIE TYD!
Belê in meerdoelige lynwol Letelle Stoetramme!

6 GEKEURDE,
prestasie getoelste jong ramme met 100 jaar se lyn en Intelling agtergrond. Groepparing met objektiewe metings as riglyne van goeie moederselenskappe.

RAMME SE GEMIDDELDE

- Mikron 19
- CF 99 plus
- Skoon opbrengs 59%
- Treksterkte 40%

LETELLE

KONTAK BESONDERHEDE: 083 644 0094 | tomw@heilbron.co.za